

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakkeer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.



**Wees met God
Haal asem**

Ontmoeting 3 – Lewensruimte: Wees met God

Koninkryksdenke – 'n reis saam met God

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 9-15)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

- 1.1. Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher (Die reis saam met U – bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap):

*Here, u manier van doen is onverklaarbaar:
Partykeer misluk ek so klaaglik, en U keer dit nie.
Ander kere is u beskerming en hulp weer so asemrowend.
Ek leer so stadig dat u weë soveel anders is
as my beperkte wyse van dink en optree.
Dankie dat U nogtans so geduldig en genadig met my is,
en so maklik vergewe.
Amen.*




- 1.2. Vertel vir mekaar van geleenthede waar die Here geduldig en genadig met jou was.

2. Lees:

2.1. Bybelteks:

- 2.1.1. **Genesis 3:8-9** - ⁸Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God **weggekruip** tussen die bome van die tuin. ⁹Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: **“Waar is jy?”**
- 2.1.2. **Genesis 17:1** - Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: **“Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!”**
- 2.1.3. Wat sê hierdie verse oor ons lewe saam met God?



3. Luister en Gesels – Koninkryksdenke: Die lewe as ’n reis saam met God

(Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 9)

Die lewe is ’n reis saam met God

Ons lewe saam met God is soos ’n reis: daar is beweging, aksies, beginpunte, eindpunte, ompaaie, oponthoude en onbekende bestemmings. Ons sit 3 lense daarop:

- ’n Reis van oriëntasies
- Fases van Geloofsontwikkeling
- Seisoene in ons geloofsreis.



Oorweeg die volgende:

Julle kan

- al 3 lense tydens een ontmoeting hanteer (mens kan dit hoogstens oorsigtelik doen);
- of dit oor 3 ontmoetings versprei (wat geleentheid skep vir dieper konneksie en nadenke).

Indien julle laasgenoemde opsie kies:

- Daar is meriete daarin om punt 1: **Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid** te herhaal vir elke ontmoeting. Julle ervaring sal elke keer anders wees.
- Julle kan elke geleentheid afsluit met die gebed by punt 5.

3.1. Lens 1: ’n Reis van oriëntasies (Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap bladsy 9)

3.1.1. **Oriëntasie:** Lees Psalm 8:1-3.

- Wat laat Dawid sing?
- Deel julle seisoene van oriëntasie met mekaar. Byvoorbeeld: Wat laat julle veilig en geborge voel?

3.1.2. **Disoriëntasie:** Lees Psalm 13:1-5

- Hoekom is Dawid gedisoriënteerd?
- Deel julle seisoene van disoriëntasie met mekaar. Byvoorbeeld: Wat het gemaak dat dit soms vir jou gevoel het jy loop in die mis, of is in ’n woestyn?

3.1.3. **Heroriëntasie:** Lees Psalm 73:21-25.

- Watter gedagtes bring vir Dawid nuwe lewe en hoop?
- Deel julle seisoene van heroriëntasie met mekaar. Byvoorbeeld: Op watter maniere het die Here julle al aangenaam verras (bv met nuwe dinge, gawes, vreugdes)?

3.2. Lens 2: Fases van Geloofsontwikkeling (Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap bladsy 9-12)

3.2.1. **Besprek** die skets op bladsy 10 van ons Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap en maak seker julle verstaan elke fase.

3.2.2. Deel met mekaar oor die fase waarin jy jouself nou bevind.

3.2.3. Deel met mekaar julle ervaringe toe julle teen die muur vasgeloop het.

3.2.4. Watter verskil sal dit in ons wêreld maak as alle mense leef soos fase 6 (getransformeer tot liefde) dit beskryf?

3.3. Lens 3: Seisoene in ons Geloofsreis (Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap bladsy 12-14)

3.3.1. Laat elke groeplid homself/haarself identifiseer met ’n seisoen.

3.3.2. Verdeel die groep volgens elkeen se seisoen. Laat elke groep hulle ervaringe met mekaar in daardie seisoen deel.

3.3.3. Gesels in die grootgroep oor die lewe in die verskillende seisoene.

3.3.4. Kan julle 'n ideale seisoen skep, byvoorbeeld deur positiewe eienskappe van elke seisoen te kies.
Wat sal julle hierdie seisoen noem?

3.3.5. Luister na die video: The seasons of you life.

4. Gaan leef

Ons reis saam met God impliseer **doelgerigtheid**. Die konsep van VIM help ons hiermee (Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap bladsy 14).

4.1. **Gesels** met mekaar oor die konsepte van VIM – Visie, Intensie, Middele.

4.2. Hoe dink julle oor julle oor julleself (as individu en groep) kragtens

- Visie
- Intensie
- Middele?

Wees prakties en dink aan jou (julle) leefstyl).

4.3. Hoe gaan julle hierdie week vir God en sy koninkryk, vir mense en die wêreld seën met julle liefde?



5. Afsluiting:

Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher – *Die reis saam met U* (bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap):

*Neem my hand wanneer ons deur “donker dieptes” gaan,
of op die smal paadjies teen hoë afgronde beweeg.*

*Wees my gids deur die doolhowe
en verby die slagysters wat op my pad wag.*

*Dankie dat U nie skaam is
om as my Metgesel gesien te word nie.*

*Dankie dat U my algaande
‘n waardiger reisgenoot kan maak.*

Ek wil nooit weer u sy verlaat nie. Lei my dag vir dag.

Amen.